Die Stilswye van Adam

Manne van God, Waar is Julle?

Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is ‘n produk deur *Kanaän Bedieninge*, ‘n nie-winsgewende bediening onder die dekking van:

- Roly, haar eggenoot vir meer as 35 jaar.

- *River of Life Family Church*
  Pastoor Edward Gibbens
  Vanderbijlpark
  Suid-Afrika
  Tel: +27 16 982 3022
  Faks: +27 16 982 2566
  E-pos: sharmain@rolfc.co.za

Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir **persoonlike** gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van die Here Jesus Christus **ALLEENLIK** te bevorder.

Vir verdere inligting of die plaas van ‘n bestelling, kontak ons asb. by:

Posbus 15253
Panorama
7506
Kaapstad
Suid-Afrika

John Vorsterrylaan 27
Plattekloof Uitbr. 1
Panorama 7500
Kaapstad
Suid-Afrika

Tel.: +27 (0) 21 930 7577
Faks: 086 681 9458
E-pos: kanaan@iafrica.com
Webblad: www.kanaanministries.org

Kantoorure: Maandae tot Vrydae, 9 VM – 3 NM

Kanaan In Europa - Basel

Kanaan Ministries Europe
Oikos International Church
Stiftung b/e/t/e/
Reinacherstrasse 1-3
CH-4142 Münchenstein
Basel, Switzerland
Telefoon: +41 (0) 61 332 15 40
Faks: +41 (0) 61 332 15 69
E-pos: kanaanministries@bete.net
Webblad: www.eu.kanaanministries.org

INHOUD:

Inleiding	**4**
1. DIE LEEU PRAAT	**8**
2. UIT DIE BAARMOEDER UIT	**9**
3. KOM UIT, SEUN VAN ONS MENSE!	**10**
4. SEKSUALITEIT EN GEESTELIKHEID	**11**
5. DIE AANKEER VAN DIE HINGS	**12**
6. VERLORE TUSSEN DIE MANNE	**14**
7. KRYGSMAN VRYGEKOOP	**14**
8. WAAR IS AL DIE MANNE? HOEKOM KOM HULLE NIE KERK TOE NIE?	**16**
9. ONAFHANKLIK OF GEBROKE?	**17**
10. OM VADER TE KEN – RESTORASIE!	**18**

DIE STILSWYE VAN ADAM

MANNE VAN GOD, WAAR IS JULLE?

INLEIDING

Na baie jare in berading het my hart begin roep: “Vader, hoe moet ek bid vir die oplossing van soveel pyn en smart in die lewens van so baie van U kinders?”

Vader se antwoord:
“Die manne is nie aan My onderworpe nie. Hulle het **Passief** geraak in die lig van die opneem van hul **verantwoordelikheid.** Bid dat die manne hulself volkome aan My sal oorgee sodat hulle dan My hart kan ontvang om die vrouens reg te versorg volgens My Wil. Bind die gees van passiwiteit oor die mans sodat hulle hul verantwoordelikheid sal opneem en daarvolgens wandel.”

Voorblad- en Televisienuus: Aborsie, pornografie, geweld, seks.

Die rede: daar is ‘n groot wond in die manlike siel wat baie kerke grootliks ignoreer. Hoekom is daar so baie mans in die tronke, maar so min in die kerk?!
Die tronke huisves hierdie mans, maar kan hulle nie genees nie.

Waar het dit alles begin?

Gen 2:8-17 *“8 Ook het die HERE God ‘n tuin geplant in Eden, in die Ooste, en daar aan die mens wat Hy geformeer het, ‘n plek gegee.*
9 En die HERE God het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, begeerlik om te sien en goed om van te eet; ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van die kennis van goed en kwaad.
10 En daar het ‘n rivier uit Eden uitgegaan om die tuin nat te maak; en daarvandaan is dit verdeel en het vier lope geword.
11 Die naam van die eerste is die Pison. Dit is hy wat om die hele land Háwila loop waar die goud is.
12 En die goud van dié land is goed. Daar is ook balsemgom en oniksteen.
13 En die naam van die tweede rivier is die Gihon. Dit is hy wat om die hele land Kus loop.
14 En die naam van die derde rivier is die Hiddékel. Dit is hy wat oos van Assur loop. En die vierde rivier is die Frat.
15 Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak.
16 En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet,
17 maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.“

Daar is ‘n **onomkeerbare orde** by die skepping van die mens – Adam is eerste geskape en toe Eva. God wou gehad het dat Adam die **leier** moes wees van hierdie nuwe verhouding wat gevorm is.

Gen. 2:20 *“20 So het die mens dan name gegee aan al die vee en aan die voëls van die hemel en aan al die wilde diere van die veld, maar vir die mens het hy geen hulp gevind wat by hom pas nie.“*

Hy het aan hom die geleentheid gegee om tyd **alleen** met God deur te bring voordat hy die rol sou opneem om sy vrou te bedien.

Nog ‘n rede waarom Adam eerste geskape is, was sodat hy sy **identiteit** eers uit ‘n verhouding met God kon ontwikkel eerder as om dit uit ‘n verhouding met sy vrou te ontwikkel. Hy was volkome geborge in sy ongehude staat.



Hoe ryker en voller ‘n man se verhouding met God, hoe ryker en voller sy verhouding met sy vrou/ medemens.

Jy weet nie **wie** jy is totdat jy weet **wie s’n** jy is nie!

Gen 2: 18 – 23 “*18 Ook het die HERE God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom ‘n hulp maak wat by hom pas.*
19 En die HERE God het uit die aarde geformeer al die diere van die veld en al die voëls van die hemel en hulle na die mens gebring om te sien hoe hy hulle sou noem. En net soos die mens al die lewende wesens genoem het, so moes hulle naam wees.
20 So het die mens dan name gegee aan al die vee en aan die voëls van die hemel en aan al die wilde diere van die veld, maar vir die mens het hy geen hulp gevind wat by hom pas nie.
21 Toe het die HERE God ‘n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak.
22 En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot ‘n vrou en bring haar na die mens.
23 Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem.”

Dit was nie goed vir Adam om alleen te wees nie – hy het iemand anders soos hyself nodig gehad om ‘n verhouding mee te bou – toe is Eva geskape.



Let op: Die beeld van God as ‘n Verhoudingwese was nie voltooi totdat die vrou geskape is nie.

SEKURITEIT	
SELFWAARDE	BETEKENIS

SEKURITEIT	
SELFWAARDE	BETEKENIS

Ná die sondeval het hul intieme verhouding met God verbrokkel en daar het ‘n leegheid in hulle binneste ontstaan. Hulle bediening aan mekaar het nou verander na manipulasie – “wat kan ek uit jou kry” en nie “wat kan ek vir jou gee” nie. [Slegs Agapè liefde is ander-gesentreerd]

Aftgesny van God, het hulle na mekaar gegryp om te probeer kry dit wat hulle oorspronklik van God ontvang het – sekuriteit, selfwaarde, betekenis.

Wat het met Adam gebeur?

Sy rol as liefdevolle leier is gekorupteer. Hy was aangestel as inisiëerder / voorloper – hy het die toets vir leierskap gedruip.

Gen 3:6 *“6 Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy ‘n lus was vir die oë, ja, ‘n boom wat ‘n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar,* ***en hy het geëet****.“*

Die stilswye van Adam

Ons sal nooit die diepte van die sondeval besef totdat ons die stilswye van Adam verstaan nie. Adam is geskape om te lei en inisiatief te neem, maar die oomblik toe hy uitgedaag is, het hy in stilte onttrek.

Adam se mislukking het in werklikheid begin toe hy uit sy rol uitgetree het waarvoor God hom geskape het. Hy moes kreatief in die situasie ingespreek het soos wat God hom toegelaat het om die diere name te gee – aan hom is gesag gegee om te heers. Hy het Eva gefaal as haar advokaat.

Vandat Adam gefaal het sukkel alle mans om te funksioneer volgens die oorspronklike plan van God.

Die ware karakter van manlikheid is om inisiatief te neem / in aksie oor te gaan / te beweeg na die vrou toe. As gevolg van die sondeval faal die man gereeld sy vrou – hy wil in beheer wees – hy wil volgens ‘n kode optree. Nou baseer hy sy manlikheid op sy gawes en talent en nie op sy karakter nie.

Voor die sondeval was Adam se outoriteit aanvullend, maar na die sondeval het dit verander na **kompeterend.** Dit is duidelik sigbaar in die wyse waarop die man aanhoudend sukkel met sy **sin van toereikendheid / bevoegdheid** en die vrou sukkel aanhoudend met haar **sin van sekuriteit.**

Eva wantrou haar man se besluite – dat dit nie in die beste van haar belang is nie en dat sy vir haar regte moet baklei. Sy voel bedreig deur Adam se kritiek en sy **mislukking in leierskap.**

Adam is bedreig deur Eva se kritiek en pogings om te beheer en hy imponeer sy gesag op ‘n vitterige wyse (foutsoekend). Dus het die oeroue universele probleem van wedersydse manipulasie begin.

DOELWIT VIR DIE NAWEEK:

God se volkome vrymaking en genesing vir die manne deur Jesus Christus.

1. DIE LEEU PRAAT:

Amos 3:8
"Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here HERE het gespreek, wie sal nie profeteer nie?"

Droom: "n Wrede leeu wat 'n man jaag.
Interpretasie: Dapperheid en Sterkte.

Die wêreld se idee van 'n man is een wat sy identiteit op baie verskillende maniere soek, bv. advertensies van drank, sigarette, motors met 'n model in 'n bikini, ens. wat dui op die onsekerheid van die man. Die wêreld vrees die man wie sekuriteit in sy eie manlikheid vind – hy kan nie gemanipuleer word nie.

Ware manlikheid is nie iets waarna mans hoef te soek/te strewe nie – dit word **geskenk** deur God die Vader.

Ware manlikheid is in werklikheid vreesaanjaend – is manne bang vir die dapperheid en sterkte wat dit vereis?

Dapperheid het geen betekenis sonder gevaar nie.

Krag/sterkte het geen betekenis sonder swakheid nie.

Die skenking van dapperheid en sterkte impliseer die verantwoordelikheid om dit te beoefen. Is manne voorbereid daarop? Ware manlikheid kan alleenlik benader word in 'n verhouding met God die Vader om die doel te vervul waarvoor hy geskape is. Manlikheid word dus nie na **gesoek** nie, maar dit word **geopenbaar.**

God se weë bedreig dus die mens se selfgesentreerdheid – die man vrees ware manlikheid en hou vas aan sy eie planne en begeertes.

God roep die manne uit na 'n **geveg** tussen Sy wil en die mens se eie wil.

Sefverdediging – moet kan bewys wat **jy** kan doen.

"Destructive power destroys – he who lives by the sword, dies by the sword – because to live by the sword is to give one's life over to death".

Ken jy die gesamentlike krag wanneer manne van God in 'n eenheid saamstaan – of voel jy bedreig? Die hoofkomponent van hierdie krag wat God aan manne toevertrou is eenvoudig die Woord van Waarheid.

"The power to honour the truth – to speak it and be it – is at the heart of true masculinity."

Heb. 4: 12-13 *"12 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.*
Heb 4:13 En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het."

Integriteit, sterk karakter. Die waarheid omtrent onsself sal ons vry maak – dit spel: die eie-ek moet sterf! En dus hardloop ons weg van die leeu!

Alles waarop vleeslike manlikheid gebaseer word, moet verwyder word: die vrou, jou werk, verering van mense, ens.

Manne, gaan julle dit waag as God julle roep, om SY manne te word? Gaan julle toelaat dat Hy julle trots en julle eie planne aan die kruishout vasnael sodat julle uiteindelik God se Gees kan ontvang om Sy Koninkryk op aarde uit te bou en te bevestig?

2. UIT DIE BAARMOEDER UIT

Gen. 3:20 *"En die mens het sy vrou Eva genoem, omdat sy moeder geword het van alles wat lewe."*

Die eerste nege maande van jou lewe – in moeder se skoot – deel van moeder se liggaam – het jy geëet wat sy geëet het –het jy gevoel wat sy gevoel het. Haar lewe het jou lewe bepaal, In haar was lewe – solank sy gelewe het, het jy gelewe; as sy sou sterf, sou jy ook sterwe.

Die eerste vrou wat 'n man liefhet, is sy moeder en hierdie liefdesverhouding is gebasser op die mees elementêre fisiese afhanklikheid. Hierdie biologiese afhanklikheid het diepgaande gevolge vir die manlike kind in sy latere verhoudinge met ander vrouens.

Die man moet leer dat die vrou **nie** die bron van lewe is nie – dit is afgodery. God die Vader is die enigste bron van lewe. *Joh. 3:3-6.*

Vraag: Wanneer gevaar die gesin bedreig, wie reageer eerste?
(Die grootste gevaar is nie fisies nie, maar emosioneel.)

Gewoonlik is dit altyd eerste die vrou wat hulp soek. Vroutjies roep uit om hulp na die Here om hulle te bevry van 'n vreesbevange drang om ander te beheer – hulle verlang om in die Here te rus. Om te dien as die primêre lewenskrag vir ander is baie uitputtend, wat jouself, asook ander kan vernietig.

Manne vrees die vrou se inisiatief omdat dit hom herinner aan sy eie tekortkoming daaraan. Manne moet loskom van die moeder/vrou as die bron van die lewe en homself volkome oorgee aan Jesus.

Tydens sy kinderjare moet die seun van die moeder losgemaak word – die vader se rol word nou meer belangrik. Hy moet die seun uitlei om inisiatief te neem om produktief in die wêreld te funksioneer.

Skole vervul nie daardie rol nie – meeste is onderwyseresse. Sondagskool ook nie.
("More slingshots and frogs in Sundayschool – a lot more men in church later")

Tydens puberteit word die vader se rol krities. As 'n seun nie op hierdie stadium van die moeder losgemaak word nei, word hy met die moeder verbind op so 'n wyse dat hy later nie homself aan sy eie vrou kan gee soos God dit bepaal het nie.

Die kragtige geheimenisse van manlike seksualiteit word weerspieël in die fisiese daad van seksuele omgang. Laat jy toe dat die vrou jou totaal besit en beheer wat seks aanbetref?

Wat is manlikheid?

Manlikheid het 'n sterk penetrerende kwaliteit wat parallel met die seksuele ontwerp loop. Die energie van die manlike siel of gees het 'n spesifieke vorm wat so ontwerp is om kragtig en met vrymoedigheid (nie aaggressief nie) in die vroulike wêreld in te beweeg.

Vroulikheid (volg weer die seksuele ontwerp) word uitgeken deur 'n warm, verwelkomende ontvangs, met 'n behoefte om te voed, te vertroetel en te geniet. Die vroulike siel word opgewek in 'n atmosfeer van verhoudinge.

3. KOM UIT, SEUN VAN ONS MENSE!

Voorbeeld van Afrika-stam.

Wat bied/vereis ons Westerse kultuur as geldig vir manlikheid?

'n Bestuurslisensie op agtien, die reg om skool te verlaat op sestien, 'n kans om weermag toe te gaan; toestemming om sigarette en bier te koop; toegang to 'n kroeg en flieks met ouderdomsbeperkings op; pornografiese boeke en films, ens.

Die boodskap is duidelik: om 'n **man** te word, beteken om 'n kragtige masjien te beheer, ander dood te maak, masturbasie, om jou longe te vernietig en om dronk te word; seks (soveel as moontlik!)

Hóé verlore is die manlike geslag nie – so vér van dit wat God bepaal het!!

Dit is 'n feit dat die aardse vader die sleutel is vir die seun om oor die manlike drumpel te tree – wat kan diegene doen wat nie 'n aardse vader gehad het nie, of wie se vader hom nie uitgelei het nie?

Die Christen man moet besef dat manlikheid nie in hulle aardse vaders gewortel is nie, maar in God die Vader, wat alle mans geskape het en wat hom dan sal uitlei na ware manlikheid deur Jesus Christus.

Manne erken julle eie behoeftes om bevestig te word as ware manne; erken jou verlange uit jou seunsdae. Wees eerlik!

4. SEKSUALITEIT EN GEESTELIKHEID

Ons moet die geestelike dimensie van seksualiteit erken – waar kom so ‘n kragtige, onwillekeurige mag van aantrekking vir die teenoorgestelde geslag vandaan?

Hierdie mag is groter as enige individu en het sy ontstaan buite ons bewuste menslike wil. (Kanaaniete sien seks as ‘n godsdiens en stel tempelprostitute aan as deel van hulle aanbidding).

Gen. 2: 24 *‘‘24 Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees.“*

Eenwording van man en vrou. God het die mens na sy Beeld geskape – man en vrou. Die aantrekkingskrag tussen die teenoorgestelde geslagte is dus die wortel van die mens se hele wese – ‘n oeroue roepe na eenwording/eenheid.

Om vader en moeder te verlaat is dus essensiëel om hierdie eenwording te bereik. Seksualiteit is groter as wat ons gedink het – dit impliseer ‘n ontmoeting met die Lewende God. Om die volheid van God se krag te ervaar, beteken om gestroop te word van die sekuriteit wat jy in jou eie menslike krag het.

Hierdie vrees vir mekaar as manne en vroue, is die grootste blokkasie vir gemeenskap met mekaar waarna ons so verlang.

Wat is ons vrese? Vrees vir verwerpng; nie goed genoeg nie, ens.

Die wêreld se definiesie van ‘n aanvaarbare verhouding vereis dat elke deelgenoot uit die verhouding kry dit wat hy/sy kan.

Die Christen se standaard is Jesus as model – elke deelgenoot gee wat God wil hê gegee moet word – eerbied vir Jesus – dan is ons vry om aan mekaar onderdanig te wees sonder vrees.

Gebed:
“Here, ek gee myself oor. Ek is moeg om energie te mors met die vrou wat ek liefhet, deurdat ek my trots beskerm; bang dat ek teenoor haar sal verloor; moeg gesukkel om “manlik” te speel.

Ek gee myself oor, aan U eerste, Here – nie aan haar nie; maak my die man wat Uwil hê ek moet wees.”

Inderdaad is die man onbevoeg om seksueel met die vrou te verhaal omdat hulle daardeur hulleself in die realm van die gees plaas waar die man geen mag van sy eie besit nie.

Sonder hierdie les aangaande die geestelike natuur van ons seksuele aangetrokkenheid, kan ons maklik die prooi word van die drange van ons selfgesentreerde vlees.

Hoe hanteer die man hierdie oorweldigende seksuele aangetrokkenheid tot die vrou?

5. DIE AANKEER VAN DIE HINGS

Jer. 5: 7 – 9 *"7 Waarom sou Ek jou vergewe? Jou kinders het My verlaat en gesweer by die wat geen god is nie. En toe Ek hulle versadig het, het hulle owerspel bedrywe en by hope versamel in die hoerhuis.*
*8 Soos vet gevoerde **hingste** swerf hulle rond; hulle runnik elkeen na die vrou van sy naaste.*
9 Sou Ek hieroor geen besoeking doen nie? spreek die HERE. Of sou my siel hom nie wreek op 'n nasie soos hierdie een nie?"

Manne, julle weet in julle harte dat dit nie die vrou is wat gedomineer moet word nie, maar wel die manlike mag in julle self. Wanneer hierdie mag onbereuel is, kan dit lei na selfvernietiging asook die venrietiging van ander, soos in oorloë en egbreuk.

Manne, julle weet ook dat julle nie in julle eie menslike krag hierdie manlike mag kan domineer of beheer nie.

Soos wat julle hierdie mag aan Jesus oorgee, is julle vry van die vrees van hierdie mag en kan julle fokus op Sy skeppende en restourerende doelwitte.

'n Man wat dus daarop aandring om 'n vrou te domineer en beheer, is een wat geweier het dat Jesus hóm domineer. Aan die ander kant, die man wat sy manlike mag aan Jesus oorgegee het, word nou 'n instrument in Jesus se hande.

Die "Playboy"-filosofie fokus op die uitlokking van die man. Manlikheid word nou aan die leser toegeken deur die vrou wat hom seksueel prikkel met haar uitlokkende houdings. In werklikheid het die leser eenvoudig sy manlike inisiatief oorgegee aan die vrou en háár begeertes.

Hy het sy manlike gees oorgee aan die godin, en dus het hy dit verloor.

Om jouself oor te gee aan God die Vader, die Een wat manlikheid skenk, beteken dat jy jou manlike gees behou – Jy is nou in beheer.

Manne moet gespeen word van die gedagte dat dit die vrou is wat manlikheid aan die man toeken. Die vrou se bewonderig en begeerte moet wees as 'n **gevolg**van julle ware manlikheid – nie die bron daarvan nie.

'n Vrou wat ontdek dat sy 'n man kan manipuleer deur haaar seksuele bekoring, verloor haar respek vir hom en sal sy manlikheid uiteindelik vernietig – soos die "black widow" spinnekop. (Russiese spioen)

Sonder ‘n aardse pa wat die seun moet oproep na ware manlikheid, word hy groot – soekende na manlike identiteit in vrouens – hulle stemme roep hom tot manlikheid deur seksuele verowering. Maar hierdie is misleiding wat herken moet word. Manlikheid ontstaan nie deur ‘n vrou te verower nie – dit ontstaan by die verowering van ‘n man – nie ‘n ander man soos in oorloë nie – maar by die verowering van jouself.

Ons moet leer dat seksuele eenheid iets is wat God self **beskik** het, nie iets wat menslike begeertes voorskryf nie. Die man wat homself oorgee aan God die Vader, kan God vertrou om hom te help dat hy nie sal struikel nie. Hierdie stap in geloof help hom om sy seksdrang in toom te hou en maak hom minder vatbaar vir versoeking. Elke man se persoonlike oorgawe aan die Here is belangrik, maar manne van God kan gesamentlik mekaar ondersteun en dra. Bv. Dawid, Batseba en Uria.

Ons leer uit die Woord dat seksuele getrouheid eerstens teenoor God moet wees en nie aan die vrou nie. As die man hoofsaaklik aan die vrou getrou is, kan hy baie maklik genoegsame redes vind om nie meer getrou aan haar te bly wanneer spanning en woede tussen hulle ontstaan nie.

Aan die ander kant, as sy eerste getrouheid aan God is, sal hy nie uitgelok word om te sondig a.g.v. sy vrou se optredes nie, maak nie saak hoe seer dit ookal is nie.

Voorbeeld: Josef

Gen. 39: 6-10 “ 6 En hy het alles wat syne was, aan Josef oorgelaat, sodat hy met sy hulp van niks kennis geneem het nie as net van die brood wat hy geëet het. En Josef was skoon van gestalte en mooi van aansien.
7 Ná hierdie dinge het die vrou van sy heer haar oë na Josef opgeslaan en gesê: Kom hou gemeenskap met my.
8 Maar hy het geweier en aan die vrou van sy heer gesê: Kyk, deur my is dit dat my heer geen kennis neem van wat in die huis is nie; en alles wat syne is, het hy aan my oorgegee.
9 Hy is in hierdie huis nie groter as ek nie en het my niks onthou nie behalwe u, omdat u sy vrou is; hoe kan ek dan hierdie groot kwaad doen en sondig teen God?...“

Storie van die hings.



Manne, ontdek die Krag wat God aan julle gegee het om die Swaard van die Waarheid op te tel teen die onbeteuelde hings in julle binneste. Onderwerp julle manlike seksualiteit aan Jesus wat julle Sy “juk” bied. *(**Mat. 11: 29**)* Dit wat nodig is om die hings in toom te hou sodat dit tot voordeel van jouself en ons nasie gebruik kan word. *(**Judas 24**)*

6. VERLORE TUSSEN DIE MANNE

Die rol van die aardse vader het ons nou al geleer, is van kardinale belang. Dit is ook nodig vir die bevestiging van ‘n seun se manlike seksuele identiteit.

As ‘n pa fisies koud en op ‘n afstand is, of selfs totaal afwesig, dan is die seun se verlange onvervuld, wat kan lei na angs om met ander mans te verhaal.

In sommige gevalle onderdruk hy die ondraaglike pyn in sy onderbewussyn – die feit dat hy nie sy vader se fisiese kontak en liefde ervaar het nie – dit kan later oppervlak toe kom in ‘n verdraaide vorm: ‘n seksuele behoefte vir ander mans.

In sommige gevalle het die vader die seun misbruik. In enige geval sal die seun wat sy vader vrees, ook manlikheid vrees – hy sal daarvan ontrek. Die seun wat sy vader haat kan nie sy manlikheid omhels en dit vier nie.

Onthou, God hou ons verantwoordelik vir ons gewilligheid om Jesus in die dood by die kruis te ontmoet om daar weergebore te word

Die WERELD vertel ons dat dit nie ‘n sonde is om gebore te word met ‘n besitlike moeder en ‘n afsydige vader of om homoseksuele fantasieë te ervaar nie.

Hierdie is gedeeltelik waar - dit is NIE 'n sonde om gebore te word met 'n besitlike moeder of 'n afsydige vader - ons kan nie ons gesin/familie KIES nie!
NOGTANS, ons het 'n KEUSE in hoe ons gaan OPTREE in hierdie omstandighede - om homoseksuele fantasieë/neigings toe te laat is NIE van die Here nie; dit IS sonde.
Homoseksuele wortels (en die wonde wat gewoonlik hierdie wortels veroorsaak) - MOET mee gedeel word.

Dit is ook 'n sonde om te weier om jouself aan Jesus oor te gee sodat God jou na Sy Beeld as ‘n man kan begin vorm.

7. KRYGSMAN VRYGEKOOP.

Manlikheid benodig die krygsman. Kan hy bestaan sonder om dood te maak en te vernietig? Kan die swaard genees? Om die beeld van die krygsman te elimineer is op sigself ontmanning.

Manne benodig geesdrif, uitdaging en risiko. Hulle moet aangedryf word tot hul uiterste toe. Hierdie vind plaas wanneer hulle die kode van die krygsman aanvaar, om elke oomblik te poog om soos ‘n kryger in sy werk, sy huwelik, kinderopvoeding óf ontspanning te leef.

Die waarheid is dat dit nie nodig is om in ‘n geveg in te gaan om oorlog toe te gaan nie. Die lewe word op ons afgevuur soos ‘n koeël – jy kan dit nie ontsnap nie. Alle pogings om te ontsnap – dwelms, doellose reise, aflelidings van die media, leë materiële najaging – elkeen sal in die langtermyn faal.

Eienskappe van ‘n soldaat en sportman:

1. Dapperheid / waagmoed
2. Geregtigheid
3. Kameraadskap
4. Dissipline
5. Vasberadenheid
6. Krag
7. Aksie / energie
8. Heerlikheid / eer / goedkeuring
9 woede wat reg gefokus is
10. Vyand / opponent te oorval

Hoe kan die kerk hierdie waardes aankweek en geleenthede vir manne skep om dit uit te leef? Het Jesus die karaktereienskappe van die ideale krygsman uitgeleef?

1. Jesus se **dapperheid** toe Hy teruggekeer het na Jerusalem.

2. **Sy geregtigheid** toe satan Hom versoek het.

3. Sy **gemeenskap** met die dissipels.

4. Sy **dissipline** met gebed.

5. Sy **vasberadenheid** toe Hy verwerp is.

6. Sy **krag** toe Hy duiwels uitgedryf het.

7. Sy **energie** toe Hy Lasarus opgewek het.

8. Sy **heerlikheid** toe Hy gedoop is.

9. Sy **woede** teen die handelsdrywers in die temple.

10. Sy **oorwinning** oor die vyand op Golgota.

EN JESUS HET NOOIT IEMAND DOODGEMAAK OF ENIGE IETS VERNIETIG NIE!!!

In werklikheid is Jesus die ware krygsman deur wie God ons die mag gee om die vyand te oorwin en om oor omstandighede te heers. Prys Sy Naam!!

Die Wapenrusting, Die Vrugte en Die Gawes.

8. WAAR IS AL DIE MANNE? HOEKOM KOM HULLE NIE KERK TOE NIE?



Die “macho” beeld van manlikheid probeer kompenseer vir ‘n onsekuriteit wat ontstaan wanneer vaders emosioneel van hulle seuns afwesig is.

In die verlede het die kerk baie gedoen om die manne aan te moedig om vroulike deugsaamheid na te volg – meer tyd met die gesin, help met die huishouding, ens.

Maar Christus-gesentreerde maniere om manlike deugsaamheid op te soek en te weerspieël is nagelaat. Dit is nie genoeg om swakheid en teerheid te weerspieël as aanvaarbaar vir Christen manne nie. Manlike sterkte en fermheid afkomstig vanaf God die Vader moet ook weerspieël word.

Daar moet gedemonstreer word dat swakheid wat bely en onderwwerp word aan God deur Jesus Christus uiteindelik die ware manlike sterkte sal voortbring waarna elke man verlang: **onversetlik** ten spyte van opposisie, **beslis** ondanks onsekerheid**, reddened krag** ondanks gevaar.

Die kerk wat hierdie eienskappe ignoreer of selfs afkraak sal uiteindelik manne verloor en heeltemal vervroulik.

Die werk van die kerk is dus nie om manne te vervroulik nie maar om hulle **los te koop** – nie om mans meer soos vrouens te maak nie maar om ware manne voort te bring. Dit sluit natuurlik teerheid en vertroeteling in. Maar ‘n man kan nie hierdie “sagter” eienskappe omhels as hy nie eers stewig gegrondves is in sy manlike fondasie nie.

Taaiheid op sigself is nie verkeerd nie mits dit “beteuelde” taaiheid is wat onderwerp is aan Jesus Christus. Jesus het taaiheid weerspieël toe Hy teen die Fariseërs opgestaan het, toe Hy die besetene van Gadara gekonfronteer het, ens.

Baie keer word taaiheid as ‘n sonde beskou wat die manne van die kerk af wegstoot omdat dit hierdie eienskappe van manlikheid veroordeel as sonde. **Is die kerk dan vir sissies?** Baie manne beskou die kerk as ‘n vroulike toom op sy taaiheid – geen wonder hy verwerp die kerk nie!

Jesus se juk.

Matt.11:29-30 *“ 29 Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele;*
30 want my juk is sag en my las is lig.“

Ware Christelike manlikheid word dus alleenlik gemanifesteer in die man wat saam met God gejuk is en wat homself gegee het as ‘n lewende welgevallige offer **(*Rom. 12:1*)** wat nie in sy eie krag leef nie maar wel deur die krag van die Heilige Gees.

Vergelyk AA program met kerk se program – waar faal die kerk om die manne te trek?

9. ONAFHANKLIK OF GEBROKE?



Na die sondeval is die mens van God afgesny met verwoestende gevolge. Hy het begin glo dat hy geskape is in die beeld van die wêreld – kyk na die media.

Die “macho”, die “cowboy”, die “lone ranger” – almal diep gewortel in isolasie – het niemand nodig nie. “I did it my way”.

In ons sameleweing is dit die vrouens wat verhoudings handhaaf, briewe skryf, bel, ens.

Geloof in Christus is gebaseer op **verhoudinge.**

Matt. 22: 36-40 *“36 Meester, wat is die groot gebod in die wet?*
37 En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.
38 Dit is die eerste en groot gebod.
39 En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.
40 Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.“

Ons leer vanaf die Drie Eenheid dat verhoudinge die **essensie van realiteit** is en dus die **essensie van ons bestaan.**

Wat is daar in manne wat hulle wegdraai van geestelikheid (totale afhanklikheid van God) en hulle laat draai na menslike krag en onafhanklikheid?



Manne is meer fisies en rasioneel ingestel. Hulle onttrek van dit wat hulle eie krag bedreig/oorskadu - dus van bo-natuurlike krag. Manne wil beheer dit wat julle vrees.

Omdat hulle verhoudinge vrees, wil hulle dit beheer – met God en ander mense. Manne is dus meer gemaklik met godsdiens (reëls en wette) as met geestelikheid.

Die wêreld leer dat vir manne om tot volwassenheid te groei is **skeiding** en **individualisasie** nodig. Die kerk en die manne beweeg dus in teenoorgestelde rigtings en daarom is bekering baie meer kompleks en veeleisend vir mans as vir vrouens.
Kan die manne nou waag om die Heilige Gees te vertrou om hulle in 'n verhouding met God en ander mense in te lei – "Where God calls the shots?!"

'n Oeroue mamma se seuntjie word uitgeroep.

Jakob worstel met die Here en ontvang 'n nuwe naam. (***Gen. 32***)

Die Vader, God van Liefde, konfronteer elke man in die diep kloof van sy innerlike duisternis, tussen sy selfgessentreerde oneerlikhede en die waarheid. Wanneer die Vader klaar is met hom, los Hy hom gebreklik (mank) in sy eie-ek, maar soekend alleenlik na die Waarheid wat hom kan restoureer tot sy volle potensiaal in Christus.

10. OM VADER TE KEN – RESTORASIE!

Jesus het gekom om vir ons te kom wys en leer wat die oorspronklike plan van God was voor die sondeval. **Alleenlik** deur Hom is dit moontlik om die verhouding weer te herstel.

Die man moet sy identiteit soek uit 'n verhouding met God. (melk – die Koei of die supermark?)

	SEKURITEIT	
SELFWAARDE		**BETEKENIS**

Die wêreld sê ware manlike gemeenskap kom uit 'n **bierbottel**; bier trek manne saam en voorkom verwerping en eensaamheid. Wat 'n misleiding!

Ons diepste behoefte van menswees is **liefde.** Waar kom liefde vandaan? Hoe kan ek meer liefde kry? Hoe kan ek meer liefde gee?

Antwoord:

1 Joh. 4:7 *" 7 Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God."*

Geen mens kan hierdie behoefte vervul nie. (Koop melk by supermark) Mense is nie die bron van liefde nie – hulle is slegs die houers daarvan wat kan leeg raak!

Solank as wat ons glo dat mense ons bron is kan twee dinge gebeur:

1. Ons gee op en onttrek, bou mure om ons en skakel aft – baie emowionele wanorde volg.

2. Begin planne maak om die persoon te manupuleer om vir ons die liefde te gee wat ons benodig; ons strewe om beter te “perform”, ons dreig, smeek, vergeld, ens.

Om baie lank melk by die supermark te koop laat jou vergeet hoe om terug te gaan plaas toe – ons weet nie hoe om God die Vader te benader nie.

Om nader aan God die Vader deur Jesus Christus te kom moet ‘n persoon alle hoop en verwagting ten opsigte van die liefde wat jy van ander mense verwag om te ontvang, prys gee. Dit beteken om alle “afgode” te offer – jou geliefdes los te maak en jou verhoudinge met hulle aan Vader oor te gee vir reiniging en vernuwing.

GEBED

Jesus, dankie dat U U lewe vir my neergelê het sodat ek selfs nou na die Vader kan kom deur U.

Vader, ek bely dat ek U nie geken het as my Vader nie. Dit is so lankal wat ek onbemin voel. Ek het liefde nodig, Vader, en ek weet nou dat net U dit vir my kan gee. Vergewe my vir die tye wat ek mense manipuleer het, gedreig het of gedwing het om vir my liefde te gee – asook die tye wat ek heeltemal opgegee het, onttrek het, hulle net kwalik geneem het in plaas van om na U te draai.

Jeus, ek gee myself oor aan U. U is die Weg, die Waarheid en die Lewe. Hier is ek, Vader, U gebroke seun. Ek het U nodig, Vader. Net vir U. Wees lief vir my, Vader!!